




WEEK 12

Week 12	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Luister en praat (15 min. x 4 dae)  Vakansie en familie Teras vir die week gebaseer op die LV-boek.	Toon gepaste luistergedrag: Plaas prente in logiese volgorde en sing liedjies met bewegings, luister met belangstelling na ander. Mondelinge nuus: Leerders gesels oor eie ervarings, soos naweeknuus. Instruksies: Leerders luister na 'n verskeidenheid instruksies en reageer gepas daarop. Weerkaart: Bespreek die weerkaart, kalender, dae van die week, maande van die jaar, vandag, gister en môre.	Neem deel aan klasbespreking oor tema: Ons gee om vir mekaar. Beantwoord vrae, luister na instruksies, rolspel verskillende situasies, ens.	Neem deel aan klasbespreking oor tema: Ons wys dat ons vir mekaar omgee. Beantwoord vrae, luister na instruksies, rolspel verskillende situasies, ens.	Hersien weer aangeleerde klanke: i s o n e a t v r u d w m p l k g h b j f Voltooi die werkkaart oor die f-klank.	Hersien aangeleerde klanke: i s o n e a t v r u d w m p l k g h b j f  Diktee: <i>jas, jok, jag, jonk, jaag, jol, fiets, foto, flits, fiks, fluks, dof, rof, hef, gif, si, muf, pof, grof</i>
Klanke (15 min. x 5 dae) Klanke: j, f   	Bekendstelling van klank: j Flitskaart: Wys vir die leerders die flitskaart en stel die j-klank bekend: Dit is hoe hierdie klank lyk en klink. Die j is 'n sterfjeklank en word in twee straatjies geskryf soos die g. Begin in die Tippiestraatjie en laat die sterfjie onder hang. Die kolletjie is bo die Tippiestraatjie. Die j-klank klink baie soos die h-klank, maar word uit jou tong gemaak. Die j is in: <i>jas, jok, jag, jaag, jakkals, jellie, jammer, jaloers</i> . Vorming van die klank: j Teken die klank met bordkryt groot op die vloer of grond. Maak 'n duidelike kol waar die klank begin. Laat leerders die klank loop. Voete wys die hele tyd in een rigting (vorentoe). Lyf moet nie draai nie.	Hersien weer aangeleerde klanke: i s o n e a t v r u d w m p l k g h b j Voltooi die werkkaart oor die j-klank.	Bekendstelling van klank: f Flitskaart: Wys vir die leerders die flitskaart en stel die klank bekend: Die f-klank het 'n klerie en 'n strikkie om sy nek. Die klank is in twee straatjies met 'n lang nek. Begin bo die Tippiestraatjie en maak die striklyn op die Tippiestraatjie se boonste lyn. Die f-klank klink net soos die v-klank. Gaan kyk op YouTube na Juffrou Marietjie se video om te sien watter woorde met die f begin.	Hersien weer aangeleerde klanke: i s o n e a t v r u d w m p l k g h b j f Voltooi die werkkaart oor die f-klank.	Hersien aangeleerde klanke: i s o n e a t v r u d w m p l k g h b j f  Diktee: <i>jas, jok, jag, jonk, jaag, jol, fiets, foto, flits, fiks, fluks, dof, rof, hef, gif, si, muf, pof, grof</i>
Handskrif (15 min. x 4 dae)	Pre-skrifaktiwiteit: Maak jellie in skinkbordjies aan en laat die leerders die j-klank daarin oefen. Skryf in die jellie: <i>jas, jok, jol</i> .	Leerders skryf die les en j-woorde van die bord af in die klaswerkboek. Leerders vou die bladsy in die middel. Wys hulle weer hoe om die Tippiestraatjies te maak.  <i>jas jok jag jol jaar jaag jonk</i>	Pre-skrifaktiwiteit: Sensoriese skryf van nuwe klank: Leerders neem 'n flits en skyn die f-klank op die bord met die flits. Wanneer hulle hul hand optel om die strepie te maak, moet die flits afgesit en weer aangesit word om hulle te help onthou dat die hand opgetel moet word. Gee elke leerder meer as een geleentheid om die flits te skyn.	Leerders skryf die les en f-woorde van die bord af in die klaswerkboek. Laat leerders die bladsy in die middel vou en wys vir hulle weer hoe om die Tippiestraatjies te maak. fffff flits fluks fiks fiets rof gif pof grof	Leerders skryf die les en f-woorde van die bord af in die klaswerkboek. Laat leerders die bladsy in die middel vou en wys vir hulle weer hoe om die Tippiestraatjies te maak.

Gedeelte lees (15 min. x 5 dae) HULPMIDDEL van die week:  Vakansie en familie 	• Maak sinstroke vooraf: <i>Pappa koop roomys. Tippië bou 'n sandkasteel. Mamma sit onder die sambreel. Hulle is op die strand.</i> • Plaas leerders voor jou op die mat sodat al die leerders die sinstroke kan sien. Plaas dit een vir een onder die muurkaart. • Fokus weer op die dele van 'n sin. Vra leerders vrae oor die sinne. • Lees weer die sinstroke.	• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien. • Lees die sinstroke en laat die leerders dit herhaal. • Laat leerders tel hoeveel woorde daar in elke sin is. • Merk al die hoofletters, spasies en punte op die sinstroke. • Skommel die sinstroke en lees dit weer.	• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien. • Laat leerders 'n poging aanwend om die sinstroke vir jou te lees. Help waar nodig. • Vra leerders om te dink aan ander sinne wat hulle kan maak wat handel oor die prent. Skryf die sinne op die bord. Laat hulle die proses van sinne skryf waarneem. • Gee individue geleentheid om die sinstroke te lees.	• Plaas leerders voor jou op die mat sodat almal die teks kan sien. • Vra leerders om te probeer om die sinstroke saam te lees as 'n klas. • Gee vir elke leerder 'n afskrif van die vier sinne om los te knip. Laat hulle die sinne weer woord vir woord bou. • Lees die sinne nog 'n keer.	• Plaas leerders op die mat sodat almal die teks kan sien. • Leerders gebruik die woorde en bou nuwe sinne: <i>Tippië koop roomys. Mamma bou 'n sandkasteel. Pappa sit onder die sambreel.</i> • Doen 'n gedeelte skryf-aktiwiteit wat verband hou met die teks: Leerders skryf die sinne skryf wat hul bou. Een woord op 'n slag.
Lees vir genot 	Barbie (Niefiksie: Inligtingsteks), bl. 18-19 Lees vir genot moet so gereeld as moontlik aan die einde van elke dag plaasvind. Die onderwyser lees 'n teks vir die leerders voor en vra vrae daaroor.				
Groepbegeleide lees (2 x 15 min. x 5 dae) 	Les 1: Bekendstelling van nuwe storie/teks: Tippië en Ben • Hou die teks so vas dat die leerders kan sien, en bespreek die voorblad se titel en illustrasies. • Voorspel waaroor die teks handel na aanleiding van die titel en voorblad. • Onderwyser lees die teks vir die leerders. • Leerders beantwoord vrae wat handel oor die teks. • Onderwyser flits vier fokussinne vir die leerders. Bespreek die dele van 'n sin: hoofletter aan die begin, spasies tussen woorde en 'n punt aan die einde van die sin. • Oefen om die sinne te lees.				
Vlak 1: Boek 12 Tippië en Ben Karakers, sigwoorde en fokusklank vir lees 	Les 2: Lees en herhaal die nuwe storie: Tippië en Ben • Onderwyser hou die teks vas en wys met die vinger waar hy/sy lees. Die leerders herhaal die teks sin vir sin. • Onderwyser haal die fokussinne uit en leerders herhaal die fokussinne een vir een. • Elke leerder ontvang sy/haar eie leeskaart met die vier fokussinne op. Lees die leeskaart. • Onderwyser vra die leerders om te wys na spesifieke woorde in elke sin, nie in volgorde nie.				
 Tippië en die hen (bl. 12)	Les 4: Leerders lees weer die storie onafhanklik: Tippië en Ben. Lees ook: Tippië en die hen (bl. 12-16) in die Kernleesboek. • Onderwyser flits die fokussinne vir die leerders en leerders lees dit onafhanklik. • Leerders neem hulle afskrifte van die fokussinne en knip die sinne los in woorde. • Leerders skommel die woorde en lees dit een vir een. • Leerders bou weer die sinne met die los woorde soos dit oorspronklik was. • Onderwyser help die leerders om nuwe sinne met die losgeknipte woorde te bou.  Aktiwiteite vir vaslegging kan gebruik word vir huiswerk of as verryking en konsolidasie van klanke en begrip, bl. 17-18.				
Fokussinne	Oupa se perd is net so perfek soos Ben. Oupa se perd is groot en sterk. 'n Prent van 'n perd sal vir jou werk. Tippië klim op Ben se rug.				
Groepindeling Fokussinne, Kernleeser gegradeerde leesboek	Groep 3 – stadige leerders Groep 2 – gemiddelde leerders	Groep 1 – vinnige leerders Groep 3 – stadige leerders	Groep 2 – gemiddelde leerders Groep 1 – vinnige leerders	Groep 3 – stadige leerders Groep 2 – gemiddelde leerders	Groep 3 – stadige leerders Groep 1 – vinnige leerders
Skryf (20 min. x 3 dae)	Teken 'n prent oor naweeknuus in die kreatiewe skryfboek.		Teken 'n prent waar jy wys dat vir iemand omgee. Skryf by: <i>Ek wys dat ek omgee.</i>	Gedeelte skryf: Teken 'n prent van een fokuswoord.	



Soek die prente wat met j begin en kleur dit in.





Kleur die j-klanke in.



j	J	k	j	J	l	k	J
J	j	v	j	J	k	j	J

Ek kan my klanke skryf.

j j j j j j j j

Kleur die regte woord in.

		
jas	jan	jak
	jag	jok
		
bad	bid	kos
	kas	was
		jakkals
		vas



Soek die prente wat met f begin en kleur dit in.



Kleur die f-klanke in.

f	f	F	g	f	f	F	H
F	f	H	f	f	E	F	f
			L				E

Ek kan my klanke skryf.

f f f f f f f f f f f f f f f f

Vul die klanke in wat kort.

flui _	_iets	flit _
flamin _	ar _	r _ s